

'n “Toegang tot verstaan van die ganze Skrif”: Calvyn se eerste Bybelkommentaar in histories- teologiese perspektief¹

A “Passage to the understanding of the whole Scripture”: Calvin’s first Bible commentary seen in historical-theological perspective

RM BRITZ

Departement Ekklesiologie, Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein
britzrm.hum@ufs.ac.za



Dolf Britz



Victor E
d'Assonville

VE D'ASSONVILLE

Departement Ekklesiologie, Universiteit van die Vrystaat,
Bloemfontein/ Akademie für Reformatorische Theologie,
Hannover, Deutschland
assonville@reformatio.de

DOLF BRITZ doseer sedert 1989 Kerkgeskiedenis aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit van die Vrystaat. Hy is direkteur van die Instituut vir Klassieke en Reformatoriese Studies sowel as van die Jonathan Edwards Centre (Africa) aan die Universiteit. Hy is redakteur van *UV Teologiese Studies*, waarin 'n vertaling van die Romeinse kommentaar van Calvyn in 2008 verskyn het. Sy navorsing spits toe op drie terreine: 1. Die 16de eeu: Die belydenisskrifte van die 16de eeu en Calvyn; 2. Suid-Afrikaanse kerk- en teologiese geskiedenis: die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in Suid-Afrika, die ontwikkeling van die gereformeerde teologie gedurende die 20ste eeu in Suid-Afrika, die rol en invloed van die Berliner Missionsgesellschaft in Suid-Afrika; 3. Teologie as dissipline binne die konteks van Hoër Onderwys in Suid-Afrika. Hy is direkteur van Programme en Onderrig en Leer aan die Fakulteit Teologie, en is in beheer van 'n omvattende program om teologiese kwalifikasies te herstruktureer.

DOLF BRITZ has been teaching church history at the Faculty of Theology, University of the Free State, Bloemfontein since 1989. He is Director of the Institute for Classical and Reformation Studies as well as Director of the Jonathan Edwards Centre (Africa) at the University. He is editor of the *UFS Theological Studies*, in which an Afrikaans translation of Calvin's commentary on Romans was published in 2008. His research comprises three interest fields: 1. The 16th Century: The confessions of the 16th century and Calvin; 2. South African church history: The Anglo-Boer War (1899-1902) in South Africa, the development of reformed theology during the 20th century in South Africa, the role and influence of the Berliner Missionsgesellschaft in South Africa; 3. Theology as a discipline within the Higher Education context in South Africa. He is Director of Programmes and Teaching and Learning at the Faculty of Theology, and directs a comprehensive programme aimed at restructuring theological qualifications.

¹ Hierdie artikel is gedeeltelik gebaseer op navorsing wat aanvanklik gedoen is vir die inleiding by die Afrikaanse vertaling van Calvyn se Romeinse kommentaar deur prof Fanus Postma (vgl. Britz & D'Assonville, 2008:9-25).

Dank word teenoor die *DAAD (Deutscher Akademischer Austauschdienst)* sowel as die *Johannes a Lasco Stiftung* in Duitsland uitgespreek vir onderskeidelik twee navorsingstoekennings van drie maande elk in 2006 en 2007, waarmee die geleentheid vir dr d'Assonville geskep is om sy deel van die navorsing aan die *Reformiertes Seminar (Universiteit Münster)* en aan die *Johannes a Lasco Biblioteek* (Emden) te doen. Sommige van daardie navorsingsresultate kon in hierdie artikel neerslag vind.

VICTOR E D'ASSONVILLE studeer voor- en nagraads in Potchefstroom (Latyn en teologie) en verwerf sy doktorsgraad aan die Universitat Rostock, Duitsland, met 'n proefskrif (in Europa gepubliseer) oor Calvin. Vir sy proefskrif ontvang hy in 2001 in Trier, Duitsland die Olevianus-prys. Vanaf 2001 tot 2008 is hy predikant van die Gereformeerde Kerke Colesberg en Philipstown, waar hy ook voltydse bedieningswerk onder die Griekwas in Philipvale doen. Vanaf 2003 is hy navorsingsgenoot by die Departement Ekklesiologie, Universiteit Vrystaat, en vanaf 2005 tydelike dosent. Sedert 2005 dien hy op die Praesidium van die *International Congress on Calvin Research*. Hy is medewerker aan die *Calvini Opera Recognita* (COR), die nuwe tekskritiese uitgawe van Calvin se oorspronklike tekste (Geneve) en medewerker aan die internasionale Calvin Handboek (verskyn in Duits, Nederlands, Engels en Italiaans). Verder dien hy as direkteur van die Instituut vir Klassieke en Reformatoriese Studies (UV), asook skriba van die Calvin Jubileum Boekefonds (CJBF). Vanaf 2008 beklee hy die pos vir "Internationale Reformatorische Theologie" aan die Akademie fur Reformations-theologie in Hannover, Duitsland.

VICTOR E D'ASSONVILLE completed both his graduate and post-graduate studies at the University of Potchefstroom (Latin and theology) after which he obtained his doctorate at the *Universitat Rostock*, Germany, with a dissertation on Calvin (published in Europe). For this dissertation the Caspar Olevian Prize was awarded to him in 2001. From 2001 till 2008 he was a minister of the Reformed Churches Colesberg and Philipstown, where he also undertook ministry work among the Griquas in Philipvale. Since 2003 he has been a research fellow in the Department of Ecclesiology, University of the Free State, while in 2005 he was appointed as a temporary lecturer. He has served on the Praesidium of the *International Congress on Calvin Research* since 2005. He is a contributor to the project of publishing a new textual-critical edition of Calvin's original works, the *Calvini Opera Recognita* (COR) in Geneva; in addition, he is also a co-author of the international Calvin Handbook (published in German, Dutch, English and Italian). Furthermore, he is Director of the Institute for Classical and Reformation Studies (UFS) as well as secretary of a Calvin publishing funds (CJBF). Since 2008 he has occupied the chair of "Internationale Reformatorische Theologie" at the *Akademie fur Reformationstheologie* in Hanover, Germany.

ABSTRACT

A "Passage to the understanding of the whole Scripture": Calvin's first Bible commentary seen in historical-theological perspective

From the available data it appears that Calvin embarked upon a penetrating study of the Book of Romans during the period between 1530 and 1540. It is possible to trace his definitive plans to write this commentary to conversations he had with Grynaeus during the years 1535 and 1536. However, it is generally accepted that this commentary is significantly substantiated by the lectures given by him in Geneva and Straatsburg at the time. This means that this commentary obtained its shape on the lecture podium, within the context of the training of prospective ministers in the exegesis and preaching of the Word.

It is necessary to read and understand this introduction and the subdivision of the content of the letter in its mutual context. What constitutes, according to Calvin, the actual core of the letter to the Romans? He finds it in the fact that Christ justifies us through faith: "The Grace of God in Christ" (COR II/XIII, 7, 22-23), the righteousness of Christ ("Christi iustitia" – COR II/XIII, 8, 29) runs like a golden thread through the letter to the Romans and for that reason also through the commentary of Calvin. The letter to the Romans finds in Christ its coherence and meaning. Christ delicately lays claim to the order, development and dynamics of the argument in the letter.

Between August and October 1539 three important publications of Calvin appeared. During August he finalized his thorough revision and extensive expansion of his 1536 Christianae

Religionis Institutio – which has since appeared as the *Institutio Christianae Religionis*. During this month of August 1539 he also found time to respond to the demand of Cardinal Sadoletus to return to the Roman Catholic Church – Calvin's *Responsio*. And in October of the same year he completed his commentary on the book of Romans. Calvin now started to broaden his purview of the reformation spreading over Europe.

Regarding the question of which exegetical method underpinned the foundation of Calvin's Roman commentary, it has been pointed out many times that the exegetical weight assigned by Calvin to the text of the letter to the Romans has a connection with the humanistic rhetoric of the sixteenth century, in which he was also trained. (The concept humanistic is here used in a technical sense, as it prevailed at the time. It referred to the methods and instruments of the study of (foremost antique) texts, in other words, knowledge of the basic languages (albeit Greek, Hebrew or Latin), control over philology, grammar and using the auxiliary means of semantics, and so on.) This method entailed that a reliable understanding of the text had to be attained through knowledge of the text (through its meanings it became accessible in other words), that the *scopus* of the text had to be found within the larger textual coherence (context), that the central themes of the text were identified, that the cultural-historical context within which it obtained its form was known and that the history of interpretation (the history of the exegesis) was also known. In other words, it concerned the question regarding the mastery of the text under consideration – as explicated in the course of history. What is of particular importance is that the thought orientation and aims of the original author had to be taken into consideration.

Calvin intentionally did not want to pursue the road of Bucer or Melancthon. Much rather he wished to discern the meaning of the text according to the intention of the author, from the perspective of the mutual role of texts within their larger encompassing context as well as their interconnections with each other.

To underline the influence of Calvin's commentary in the history of theology, a list of editions is added. For an Afrikaans reader the translations of Calvin's works (in Afrikaans) are also added in a comprehensive attachment.

KEY WORDS: Calvin, Commentary on Romans, Hermeneutics, Exegesis, Afrikaans translations

TREFWOORDE: Calvyn, Romeinekommentaar, Hermeneutiek, Eksegese, Afrikaanse vertalings

OPSOMMING

Uit die beskikbare gegewens blyk dat Calvyn die boek Romeine gedurende die jare dertig deeglik moes bestudeer het. Vaste planne om 'n kommentaar daarop te skryf kan teruggevoer word na sy gesprekke met Grynaeus gedurende 1535/1536. Dit word egter algemeen aanvaar dat die kommentaar beduidend aanleun op die lesings wat Calvyn in Genève en Straatsburg oor Romeine gehou het. Dit beteken dat die kommentaar op die kateder beslag gekry het, dit wil sê binne die konteks van opleiding in en uitleg en verkondiging van die Woord.

Dit is noodsaaklik om hierdie inleiding te lees en die verdeling van die inhoud van die brief in sy onderlinge verband te begryp. Waarin vind Calvyn die werklike sentrum van die Romeinebrief? Hy vind dit daarin dat Christus ons deur die geloof regverdig. "Die genade van God in Christus",² die "geregtigheid van Christus" ("Christi iustitia")³ as tema loop soos 'n dik

² COR II/XIII,7,22-23.

³ COR II/XIII,8,29.

rooi draad deur die Romeinebrief, en daarom ook deur Calvyn se kommentaar. In Christus vind die Romeinebrief sy samehang en sy sin. Christus lê sorgvuldig beslag op die orde, die ontwikkeling en die beweging van die argument in die brief.

Met betrekking tot die vraag watter eksegetiese metode onderliggend aan die Romeine-kommentaar gevind kan word, is daar al dikwels daarop gewys dat die belang wat Calvyn eksegeties aan die teks van die Romeinebrief toegeken het, verband hou met die humanistiese retoriek van die sestende eeu,⁴ waarin hy ook geskool was. Hierdie metode het ingehou dat die betroubare verstaan van 'n teks bereik moet word deur die taal van die teks te ken (daardeur word betekenis toeganklik gemaak), die skopus van die teks te vind binne sy groter tekstuele samehang (ko-teks), die sentrale temas van die teks te identifiseer, die kultuurhistoriese konteks waarbinne dit beslag gekry het van die teks te ken en die interpretasiegeskiedenis (geskiedenis van die eksegeese) daarvan, met ander woorde die vraag hoe die betrokke teks deur die loop van die eeue uitgelê is, te beheers. Veral die oorspronklike outeur se denkrigting en doelstellings moet hier in ag geneem word.

Calvyn wou doelbewus nie die weg van óf Bucer óf Melanchthon opgaan nie. Veel eerder wil hy die betekenis van die teks volgens die bedoeling van die skrywer ontsluit, aan die hand van die onderlinge tekste binne hulle groter geheelverband en hulle aaneenskakeling met mekaar.

1. INLEIDING

Hierdie artikel fokus op die eerste Bybelkommentaar wat Calvyn (1509-1564) geskryf het. Dit was 'n uitleg van die brief aan die Romeine. Om verskillende redes was dit 'n belangwekkende en rigtinggewende bydrae tot die ontwikkeling van die gereformeerde teologie in die sestende eeu. Van hierdie brief het Calvyn self opgemerk dat wie dit begryp, daarmee vir homself 'n toegang tot die verstaan van die ganse Skrif het.⁵ Ter wille van die geskiedenis van die sestende-eeuse en meer spesifiek gereformeerde eksegeese beoog ons om in hierdie bydrae die lig histories op die ontstaan en benadering van die Romeinekommentaar van Calvyn te laat val. In 'n addendum word in die eerste bylaag die uitgawes en vertalings van Calvyn se Romeinekommentaar nagegaan. In bylaag 2 word, vir die Afrikaanse leeskring, die Afrikaanse vertalings en/of verwerkings van Calvyn se werke gelys.

2. EKSEGESE IN BALLINGSKAP

Dit was, om presies te wees, op 18 Oktober 1539, vlak voor die Europese winter, in Straatsburg. Op daardie dag het die 30-jarige Calvyn die voorwoord van sy kommentaar op die Romeinebrief voltooi. Aan hierdie boek het hy gewerk terwyl hy grotendeels 'n Franse banneling was. Sedert

⁴ Die begrip “humanisties” word hier in 'n tegniese sin bedoel binne sy konteks van destyds, waar dit veral verwys na die metodes van en instrumente vir die bestudering van (veral antieke) tekste, m.a.w. kennis van die oorspronklike tale (hetsy Grieks, Hebreeus of Latyn), beheersing van die filologie, grammatika, gebruikmaking van semantiese hulpmiddels ens.

⁵ COR II/XIII,4,6. Calvyn aan Grynaeus in voorwoord tot sy kommentaar op die Romeinebrief, waarmee hy die kommentaar aan laasgenoemde opdra. Vgl. Ook sy opmerking: “... as iemand 'n ware kennis van [hierdie Romeinebrief] verkry het, [het] hy 'n geopende deur ... tot die mees verborge skatte van die Skrif”. COR II/XIII,7,11-12 – inleidende woorde deur Calvyn in sy “Beredenering” (Argumentum) waarmee hy sy kommentaar op die Romeinebrief begin.

einde 1533 en veral ná Oktober 1534 was hy nie meer sy lewe in sy eie vaderland seker nie.⁶ Intussen is hy ook nog in 1538 uit sy nuwe “land”, die stadstaat Genève, verdryf.⁷ Die manuskrip van hierdie kommentaar kon aan die plaaslike uitgewer Rihel⁸ besorg word. Die volgende jaar (1540) was dit persgereed en is dit gepubliseer as *Ioannis Calvini Commentarij in Epistolam Pauli ad Romanos. Argentorati per Vuendelinum Rihelium. Mense Martio. M.D.XL*. Die sestiende-euse leeskring in Europa het nóg ’n kommentaar op Romeine ontvang. Een, onder vele ander.

Onder die skryfwerk van Calvyn beklee hierdie kommentaar ’n besondere plek. Dit was nie alleen die eerste kommentaar op ’n Bybelboek uit sy pen nie, maar ook rigtinggewend ten opsigte van die metode van Skrifuitleg wat van nou af kensketsend vir die gereformeerde benadering sou wees.⁹ Hierbenewens verskyn die werk op ’n tydstip in Calvyn se lewe waarin die kontoere van sy teologiese profiel baie duidelik na vore sou tree – pas vantevore (1539) is die tweede uitgawe van sy *Institusie* in Latyn gepubliseer en die jaar nadat Romeine die lig gesien het, verskyn die eerste Franse uitgawe van die *Institusie* (1541). Dat sy Romeinekommentaar boonop ’n merkbare verdere nawerking in die daaropvolgende kerk- en teologiesegeskiedenis sou hê, kon Calvyn destyds nie self vermoed nie, minstens nie in só ’n omvang nie. Nie sonder goeie rede nie noem Parker hierdie kommentaar die “hart” van Calvyn se “teologiese oeuvre”.¹⁰

3. EEN KOMMENTAAR ONDER VELE

Gedurende die sestiende eeu het die kerklike paaie in (Wes-)Europa teologies en konfessioneel uitmekaar gegaan. In hierdie ontwikkeling en gebeure is opvallend veel van Paulus se brief aan die Romeine gemaak: van alle kante is ’n beroep op die Romeinebrief in die teologiese standpuntstelling as van deurslaggewende belang geag. Dit verklaar onder andere waarom daar in die eerste helfte van die sestiende eeu soveel kommentare op Romeine die lig gesien het. Die bekende en geleerde Rooms-katolieke teoloog Sadoletus (1477-1547) het dit byvoorbeeld ’n moeilike boek gevind om te verklaar,¹¹ veral om dit te versoen met die gevestigde kerklike tradisie. Ook volgens die Teologiese Fakulteit in Parys was Sadoletus se uiteensetting van die regverdiging kontroversieel. In Rome is sy kommentaar verbied totdat dit gekorrigeer is om in lyn te kom met die tradisionele leer in hierdie verband.¹² Klaarblyklik het Sadoletus hom hiermee versoen. Op

⁶ Vgl. Neuser, W.H. 2009. Johann Calvin: Leben und Werk in seiner Frühzeit 1509-1541. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht. (Selderhuis, H.J. ed., Reformed Historical Theology, Vol 6.) p. 93.

⁷ Vgl Neuser (2009:292 e.v.).

⁸ Wendelin Rihel (oorlede 1555) begin in 1535 met sy uitgewerswerkzaamhede in Straatsburg met ’n heruitgawe van Luther se Bybelvertaling. Tot en met sy dood het hy sowat 40 werke gepubliseer, daaronder boeke van Martin Bucer, Johannes Sturm en Calvyn. Sien verder Peter, R. & Gilmont, J.-F. 1994. Bibliotheca Calviniana. Les œuvres de Jean Calvin publiées au xvi^e siècle, II. Écrits théologiques, littéraires et juridiques 1555-1564. Genève: Librairie Droz. (Travaux d’Humanisme et Renaissance, CCLXXXI.) p. 1103.

⁹ Vgl. C. Link, 2005. Vorwort. In Calvin, J. 2005 [1539; 1551; 1556]. Der Brief an die Römer [bis Kapitel 7]: Ein Kommentar. Der lateinische Text mit deutscher Übersetzung, bearbeitet und eingeleitet von M. Freudenberg, A.I.C. Heron, N. Kuroпка, C. Link, P. Opitz, G. Plasger & E. Saxer. (In E. Busch, M. Freudenberg, A.I.C. Heron, C. Link, P. Opitz, E. Saxer & H. Scholl, *Hrsg.*, Calvin-Studienausgabe, Band 5.1.) Neukirchen-Vluyn: Neukirchener, p. V.

¹⁰ Weliswaar gaan Parker nog verder. Hy praat van Calvyn se Romeinekommentaar as die “ten onregte verwaarloosde” hart van sy teologiese werk. T.H.L. Parker, *Calvin’s New Testament Commentaries*, London, 1971: viii.

¹¹ Iacobi Sadoleti Episcopi Carpentoractis in Pavli Epistolam ad Romanos Commentariorum Libri Tres. (Vgl. COR II/XIII, LXXXI.)

¹² Vgl. Sadoletto. In F.L Cross & E.A. Livingstone (eds.), *The Oxford Dictionary of the Christian Church* London: Oxford University Press, 1974), 1222.

'n vernuftige wyse probeer hy die tradisionele leer van die regverdiging onder woorde in sy brief van Maart 1539 aan sy “geliefde broers, owerheidsamptenare, senaat en burgers van Genève” bring.¹³ Die seën van die volkome en nimmereindigende redding verkry ons alleen deur geloof in God en Jesus Christus, skryf hy. Hierdie geloof is wel die eerste toegang wat ons tot God het, maar is nie genoegsaam nie. Dit kan nie anders as om gevul te word met goeie werke nie, wat dus meewerk aan die verlossing.¹⁴

In reformatoriese geleedere is die Skrif op hierdie punt anders verstaan en geïnterpreteer. Martin Luther (1483-1546) het, ná sy Psalmuitleg met sy voorlesings oor die Psalms (1513-1515) hom in 1515/16 in sy voorlesings op die Romeinebrief toegelê – die eerste Nuwe-Testamentiese boek wat hy behandel het.¹⁵ Uit hierdie voorlesings kom die bekende Luther-uitspraak: *simul iustus et peccator* (“tegelykertyd geregverdig en sondaar”).¹⁶ Uit hierdie tyd is ook bekend hoe hy met selfstandige eksegeese van bv. die verband tussen Ps 71:2 en Rom 1:17 tot 'n “reformatoriese” verstaan van God se geregtigheid, tot die bekende *sola fide*, die reformatoriese leer van die *iustificatio* gekom het. Dit is dus nie uit die lug gegryp nie om te sê dat protestantse teologie in sy wese op die Romeinebrief en die reformatoriese uitleg daarvan steun, soos Christian Link uitdruklik formuleer.¹⁷ Selfs as Luther se Voorlesings oor die Romeinebrief nie in ag geneem sou word nie, word die sentrum van die Reformasie, die *sola fide*, op 'n indrukwekkende wyse deur nie net die Romeinekommentaar van Calvyn nie, maar vroeër reeds ook deur dié van Melancthon, Bucer en Bullinger na vore gebring.¹⁸

Calvyn het natuurlik geweet dat sy kommentaar een onder baie ander sou wees.¹⁹ Daardeur het hy hom egter nie laat afskrik nie. Behalwe dat hy ook die kommentare van Origines, Ambrosius en Augustinus (onder andere) uit die vroeë kerk geraadpleeg het, moes hy in sy kommentaar daarmee rekening hou dat die verklarings van ander reformatore teen 1539/40 reeds 'n gevestigde statuut in die reformatoriese teologie en bediening gehad het. Dat sy uitleg sonder meer aanvaar sou word, of ingang sou vind, was nie 'n uitgemaakte saak nie. By name verwys hy na die drie mede-reformatore met wie se kommentare hy gewerk het. Hulle is:²⁰

- Philippus Melancthon, van wie daar, behalwe vir sy *Annotationes*, 1522, ook die volgende oor Romeine verskyn het: *Commentarii in Epist. Pauli ad Romanos recens scripti a Phil. Melan*, 1532. [Hersien in 1540]. *Dispositio orationis in epistolam ad Romanos*, 1529.
- Martin Bucer, wie se kommentaar oor Romeine kort vantevore die lig gesien het: *Metaphrases Et Enarrationes Perpetvae Epistolarvm D. Pauli Apostoli... Tomvs Primvs. Continens Metaphrasim Et Enarrationem in Epistolam ad Romanos... Per Martinvm Bvcervm. Argentorati Per VVendelinvm Ribeliwm Mense Martio Anno M.D.XXXVI*. [1536.]
- Heinrich Bullinger, wie se *Commentarii* die eerste keer reeds in 1535 verskyn het: *In omnes*

¹³ OS I,441: “suis desideratis fratribus magistratui, concilio, et civibus Gebennensibus.”

¹⁴ OS I,446.

¹⁵ WA 56, vgl. Wolff, J. 2005. Vorlesungen. In Beutel, A. Hrsg., 2005. Luther Handbuch. Tübingen: Vandenhoeck & Ruprecht. p. 322.

¹⁶ Vgl. Oberman, H.A. Hrsg. 2004⁵[1981]. Die Kirche im Zeitalter der Reformation. Neukirchen: Neukirchener Verlag. (Oberman, H.A., Ritter, A.M., Krumwiede, H.-W. und Leppin, V, Hrsg., Kirchen- und Theologiegeschichte in Quellen, Band III.) p. 4-7.

¹⁷ Link (2005:V): “Evangelische Theologie ist von ihren Ursprüngen her Theologie des Römerbriefs.”

¹⁸ Link (2005:V).

¹⁹ COR II/XIII,3,33-35: “Nam quum tot excellentis doctrinae viri antehac in eius explicatione elaborarint, credibile est nullum aliis melius aliquid afferendi relictum esse locum.”

²⁰ Bibliografiese verwysings volgens Parker in COR II/XIII,LI e.v.; LXXVIII-LXXX.

Apostolicas Epistolas... Commentarii Heinrichi Bullingeri... Tigri Apvd Christophorum Froshovervm Mense Martio Anno M.D.XXXIX. [1539.]

Calvyn was terdeë bewus van bogenoemde kommentare se aansien. Wat hom betref, kon dit ook so bly. En, hy wou homself doelbewus ook nie aan sy medediensmaats van die Woord spieël nie, maar ’n kommentaar daarstel met ’n eie inslag.²¹ Hierin sou hy slaag. Sy kommentaar gee afdoende blyke van selfstandige teologiese denke en ’n benadering in eie reg. Die *Commentarij in Epistolam Pauli ad Romanos* het inderdaad nie bloot as een onder al die ander bygekom nie. Eerder was dit ’n kommentaar wat – in onderskeiding van ander bestaande kommentare – ’n skerper bewustheid vir die hermeneutiese vrae oor Skrifuitleg sou toon. Hierin sou die reformatoriese beskouing dat die Skrif self die maatstaf is van sy uitleg – reeds te vinde by Luther²² – sentraal wees.²³

4. VLUGTELINGEPREDIKANT IN ’N VLUGTELINGEGEMEENTE

In 1539 het Calvyn hom in Straatsburg bevind, waar hy – self ’n vlugteling uit Frankryk – die Franse gereformeerde vlugteling in hierdie oorwegend Duitssprekende stad bedien het. Teen die helfte van 1538 het hy hier op uitnodiging van Martin Bucer ’n heenkome gevind, nadat hy gedwing was om Genève te verlaat. Bucer (na wie se Romeinekommentaar Calvyn ook verwys) het hom al jarelank as ’n beduidende reformatoriese voorganger onderskei, iemand van rigtinggewende betekenis – ook ver buite die grense van die stad. Daarmee saam was Straatsburg toe geruime tyd reeds ’n belangrike sentrum van die reformatoriese teologie. Daar kon Calvyn predikant van die klein Franse vlugtelingegemeente word en gelyktydig onverfloud sy skryfwerk voortsit.

5. BELANGRIKE PUBLIKASIES UIT DIE STUDEERKAMER VAN DIE PASTORIE

In Straatsburg sou Calvyn behalwe sy werk as predikant in die Franse vlugtelingegemeente ook as lektor aan die Gimnasium van Johann (Jean) Sturm (1507-1589) onderrig. Daar sou hy dus

²¹ In die voorwoord waarin hy die boek aan Grynaeus opdra, skryf hy: “Aangesien manne van soveel besondere geleerdheid immers reeds voorheen gewerk het aan die uitleg daarvan, lyk dit nie moontlik dat daar plek is vir ander om iets beters te lewer nie. Maar wat my betref, ek erken dat hoewel ek my enige loon op my arbeid beloof het, ek tog aanvanklik deur hierdie gedagte afgeskrik is omdat ek gevrees het dat ek my die reputasie van vermetelheid op die hals mag haal as ek ná sovele voortrefflike kundiges my hand aan hierdie werk sou slaan. Daar bestaan op hierdie brief baie kommentare van die ou skrywers en ook baie van onlangse skrywers. En hulle kon geensins hul arbeid beter aangewend het nie; want as iemand hierdie brief verstaan, het hy vir homself ’n toegang tot die verstaan van die ganse Skrif.” COR II/XIII,3,33-4,6. (Vgl. Afrikaanse vertaling in Calvin, 2008:26,27.)

²² “Scriptura [...] sui ipsius interpres” (WA 7:97,21-23). Vgl. Beutel, A. *Theologie als Schriftauslegung*. In Beutel (2005a:445).

²³ Link (2005:VI): “... Was Calvin von diesen reformatorischen Vorbildern unterscheidet, ist ein noch schärfer ausgeprägtes Bewusstsein für die hermeneutischen Probleme der Schriftauslegung, etwa die Frage nach dem *Verhältnis* der kirchlichen Lehrtradition zur Schrift, das Bewusstsein für Nähe und Fremdheit des biblischen Textes zur eigenen Gegenwart oder die energisch weiterentwickelte Maxime Luthers, in der Bibel selbst den Maßstab ihrer Auslegung zu finden: *Epistola tota ... methodica est.*” Vergelyk ook Ganoczy, A., 1976. Calvin als paulinischer Theologe: Ein Forschungsansatz zur Hermeneutik Calvins. In Neuser, W.H., *Hrsg.*, 1974. Calvinus Theologus. Referate des Europäischen Kongresses für Calvinforschung. Amsterdam. Neukirchen: Neukirchener. p. 47 e.v.

soortgelyke doseerwerk as dié in Genève, om die Nuwe Testament in voorlesings uit te lê, voortsit.²⁴

Heel vroeg in hierdie Straatsburg-tyd, om presies te wees, tussen Augustus en Oktober 1539, het drie belangwekkende publikasies van Calvyn op die pers gekom. Gedurende Augustus het hy die grondige hersiening en omvattende uitbreiding van die 1536 *Christianae Religionis Institutio* afgehandel en dit nou as die *Institutio Christianae Religionis* weer laat publiseer. In dieselfde maand het hy nog kans gekry (ná 'n offisiële versoek van Genève) om in 'n omvattende brief te antwoord op die teologiese oortuigings en oënskynlik herderlike oproep van kardinaal Sadoletus aan die inwoners van Genève om na die Rooms-Katolieke Kerk terug te keer.²⁵ Hierdie *Antwoord (Responsio)* van Calvyn²⁶ sou in die geskiedenis opgaan as een van die beste uiteensettings van die teologie van die reformasie. Hierop volg (in Oktober) die afhandeling van die kommentaar op die Romeinebrief – die publikasie daarvan sou eers 1540 wees. Dat die eksegetiese werk aan laasgenoemde van beduidende belang vir sowel die tweede uitgawe van die *Institusie* asook die *Antwoord* aan Sadoletus – en omgekeerd – was, spreek vanself.

In hierdie drie geskifte tydens sy bedieningstyd in Straatsburg onderskei Calvyn hom as teoloog in eie reg: 'n kenmerkende gereformeerde denklyn het hom in skrif gestel. Die trefkrag van hierdie gereformeerde teologie was so te sê onmiddellik sigbaar en voelbaar. Behalwe dat Bucer die aanvanklike dryfkrag agter Calvyn was vir sy koms na en bediening in Straatsburg, was dit ook Bucer wat Calvyn gedurende hierdie jare betrek het by reformatoriese pogings en diplomatie ter wille van teologiese verantwoording en verdediging binne die Heilige Romeinse Ryk. Keiser Karel V het immers die Protestante daartoe gedwing om rekenskap van hulle geloof af te lê. Daarom het Calvyn in 1540/1 deelgeneem aan die godsdiensgesprekke van Hagenau, Worms en Regensburg. Calvyn het nou nie net 'n wyer oorsig oor die reformasie in Europa verkry nie, maar ook meer ervaring van die protestantse saak in Frankryk, Italië en die Switserse kantons. Daarbenewens het hy kennis gemaak met die situasie in die Duitse gebiede. Vir sy oorwoë insette in die godsdiensgesprekke het die drie genoemde publikasies van 1539/1540 as basis en voorbereiding vir Calvyn gedien.

Die lees en bestudering van Calvyn se kommentaar op Romeine plaas 'n mens gevolglik direk in sowel die kern van Calvyn se verstaan en uitleg van die Bybel asook in die kader van sy benadering van die teologie in die algemeen.

6. DIE ONTSTAAN VAN DIE KOMMENTAAR

Weet ons iets van die ontstaan van die Romeinekommentaar af? Wat het aanleiding daartoe gegee vir Calvyn om 'n kommentaar op Romeine aan te pak? Het hierdie boek 'n besondere rol in sy lewe gespeel? Of, was daar 'n spesifieke aandrang om so 'n werk die lig te laat sien?

Toe Calvyn gedurende die winter van 1534/35 Frankryk finaal as protestantse vlugteling moes agterlaat (nadat hy in Desember 1533, ná die Rektorsrede van Nicolas Cop, ook inderhaas uit Parys moes vlug), het hy hom na Basel gewend, 'n stad wat die Reformasie goedgesind was.²⁷ In die aantal maande wat hy hier sou bly, het hy die eerste uitgawe van sy *Institusie* in 1535 voltooi. Ooglopend speel die boek Romeine al in hierdie *Institusie* 'n belangrike rol, wat nie

²⁴ Vgl Neuser (2009:305 e.v.).

²⁵ OS I,441-456.

²⁶ OS I,457-489.

²⁷ Vgl. Neuser, W.H. 2008. Frankrijk en Basel. In Selderhuis, J., red., Calvijn Handboek. Kampen: Kok. p. 45-52.

misgekyk kan word nie. Daaruit blyk dat Calvyn vóór die verskyning van die *Institusie* die boek Romeine – met ander woorde alreeds in Frankryk – deeglik moes bestudeer het.

Tydens sy verblyf in Basel het Calvyn Simon Grynaeus (+/- 1493-1541) ontmoet en sou hy die moontlikheid van 'n kommentaar op Romeine met Grynaeus bespreek. Grynaeus was professor in Grieks. 'n Soortgelyke posisie het hy vroeër tussen 1524 en 1529 al in Heidelberg beklee. Sedert 1526 moes hy daar ook die verantwoordelikheid vir die onderrig van Latyn op hom neem. In 1529 het Grynaeus na Basel gekom om die plek van die beroemde Erasmus oor te neem; sy verblyf in Basel was vir 'n tussenpose in 1531 onderbreek toe hy 'n besoek aan Engeland sou bring. In 1534 het Grynaeus vir 'n kort periode na Tübingen vertrek, om in 1535 weer na Basel terug te keer. Hy was goed op hoogte met wat in die reformatoriese wêreld aan die gebeur was en was self geïnteresseerd in 'n studie van Romeine.

Calvyn en Grynaeus se vriendskap was nie net gegrond in persoonlike omgang in 1535/36 en later gedurende die somer van 1538 nie, maar het ook uitdrukking gevind in korrespondensie, waarvan 14 dokumente behoue gebly het.²⁸ Hierdie bundel briewe bevat insiggewende gegewens in verband met die kommentaar van Calvyn op die brief aan Romeine. As hegte geesgenote het Grynaeus en Calvyn saamgestem dat enige kommentaar in deursigtige bondigheid (*perspicua brevitatis*) die sin van die teks en die intensie, bedoeling van die skrywer moet ontsluit. Daar kan dus aanvaar word dat Calvyn se gedagte aan 'n kommentaar op Romeine deur Grynaeus met sy voortrefflike geleerdheid gestimuleer is. Kerkhistories en teologies het die vraag na die korrekte uitleg en verstaan van die Skrif noodwendig in die sentrum te staan gekom. Hiermee het Calvyn ook rekening gehou. Dit is een van die redes waarom hy daarop wys in die voorwoord waarin hy die kommentaar aan Simon Grynaeus opdra.²⁹ Dit verklaar ten minste waarom hy sy kommentaar aan Grynaeus opgedra het. Hulle vriendskap het oor jare gestrek – totdat 'n sterfte dit in 1541 sou beëindig. In daardie jaar het Grynaeus 'n slagoffer van die pes geword.

Die eerste uitgawe van Calvyn se *Opus magnum*, die *Institusie*, waarvoor hy bekendheid verwerf het, het gedurende sy tyd in Basel ontstaan. Terwyl hy egter, soos blyk uit die inhoud van die *Institusie*, onder meer sterk op die Romeinebrief gesteun het, is daar egter aan die ander kant nie iets spesifiek oor hierdie brief van Paulus wat in sy Basel-tyd uit sy pen die lig gesien nie. Die volgende jaar, 1536, sou hy op aandrang van Farel in Genève agterbly. Sy opdrag: om die Woord uit te lê. Dit is waarskynlik dat hy hier in Genève tussen 1536 en 1538 'n reeks voorlesings aan die verklaring van die Romeinebrief gewy het.³⁰ Maar, ook daarna, in Straatsburg vanaf 1538, het hy Romeine op soortgelyke wyse in die Gimnasium van Johann Sturm behandel. Hierdie voorlesings oor Romeine, waarin die boek perikoop vir perikoop, vers vir vers, verklaar is, is die konkrete aanloop tot die uiteindelijke voltooiing van die kommentaar in Oktober 1539.

Uit die beskikbare gegewens blyk dit gevolglik dat Calvyn die boek Romeine gedurende die jare dertig deeglik moes bestudeer het. Vaste planne om 'n kommentaar daarop te skryf kan teruggevoer word na sy gesprekke met Grynaeus gedurende 1535/1536. Dit word egter algemeen aanvaar dat die kommentaar beduidend aanleun op die lesings wat Calvyn in Genève en Straatsburg

²⁸ Vgl. bv. Epistola 183. In Calvini, I. Ioannis Calvini Epistolae Volumen I (1530-sept. 1538). (Ediderunt Cornelis Augustijn Frans Pieter van Stam Adiuvantibus Christoph Burger, Paul Estié, August van hollander, Maarten Stolk, Mirjam van veen, Jasper Vree. Ioannis Calvini Opera Omnia: Denuo recognita et adnotatione critica instructa notisque illustrata, Series VI: Epistolae, Volumen I (1530-sept. 1538). Auspiciis Praesidii Conventus Internationalis Studiis Calvinianis Fovendis ediderunt B.G. Armstrong, C.P.M. Burger, I. Backus, M. Engammare, H. Feld, F.M. Higman, W.H. Neuser, W. van 't Spijker & D.F. Wright. Genève: Droz.) [= COR IV/I.] Vgl. verder pp. 183-185.

²⁹ COR II/XIII,3,5 e.v.

³⁰ Vgl. Parker & Parker (1999:XIII).

oor Romeine gehou het. Dit beteken dat die kommentaar op die kateder beslag gekry het, dit wil sê binne die konteks van opleiding in en uitleg en verkondiging van die Woord.

Die effek wat hierdie eksegetiese werk op Romeine deur Calvyn op die verwerking van sy *Institusie* gehad het (wat vanaf ses hoofstukke in die eerste uitgawe van 1536 na 17 hoofstukke in die tweede uitgawe van 1539 uitgebrei is), is algemeen bekend in die internasionale Calvynnavorsing. Ook die effek van sy Romeine-eksegese op die nadruk wat hy op Skrifbegronde kerklike eenheid lê in sy *Antwoord* aan Sadoletus,³¹ is duidelik sigbaar. By Calvyn, juis en veral in sy kommentaar op die Romeinebrief maar ook in die *Institusie* en in sy *Antwoord* aan Sadoletus vind ons ’n noukeurigheid in sy nadruk op die ware kerk. Sy Romeinekommentaar, binne die ontwikkelingslyn van Melanchthon via Bucer en Bullinger, gee nog meer duidelike profiel aan die kerk en die eenheid van die kerk.

7. CALVYN SE INDELING VAN DIE ROMEINEBRIEF

Voordat Calvyn met die uitleg van die brief begin, gee hy eers ’n oorsigtelike uiteensetting of beredenering (wat vandag nog meer as die moeite werd is om te lees) van die inhoud daarvan – ’n inleiding tot die brief.³² Hierin laat hy hom ook uit oor die onderliggende sintese en struktuur van die brief, waarin hy die volgende indeling maak:

In hoofstuk 1 tot 5 word die vernaamste tema van die hele brief behandel, naamlik dat ons deur die geloof geregverdig word. Die enigste geregtigheid van mense is deur die genade van God in Christus.

In die sesde hoofstuk kom Paulus tot die heiligmaking wat ons in Christus besit.

In hoofstuk 7 beredeneer hy die gebruik van die wet.

Die agste hoofstuk is vol vertroosting van Christus.

In hoofstukke 9 tot 11 bied Paulus insig oor die heilshistoriese posisie van die Jode.

Die hoofstukke wat volg (12, 13 en 14) is vermanend van aard en laat die lig op die Christelike lewe val.

In hoofstuk 15 kom ter saaklike algemene uitsprake aan die orde.

Die laaste hoofstuk word deur groeteboodskappe in beslag geneem en word afgesluit met ’n voortrefflike gebed.

Dit is noodsaaklik om hierdie inleiding te lees en die verdeling van die inhoud van die brief in sy onderlinge verband te begryp. Waarin vind Calvyn die werklike sentrum van die Romeinebrief? Hy vind dit daarin dat Christus ons deur die geloof regverdig. “Die genade van God in Christus”,³³ die “geregtigheid van Christus” (“Christi iustitia”)³⁴ as tema loop soos ’n dik rooi draad deur die Romeinebrief, en daarom ook deur Calvyn se kommentaar. In Christus vind die Romeinebrief sy samehang en sy sin. Christus lê sorgvuldig beslag op die orde, die ontwikkeling en die beweging van die argument in die brief.

³¹ Die kerk is slegs één in soverre dit in God die oorsprong en in Hom die doel vind, dit wil sê na Christus se stem luister, sy Woord gehoorsaam. (Vgl. OS I,488.)

³² COR II/XIII,7-12: “Argumentum in Epistolam ad Romanos.” (Afrikaanse vertaling: “Beredenering van Paulus in die Brief aan die Romeine”, in Calvin, 2008:30-36.)

³³ COR II/XIII,7,22-23.

³⁴ COR II/XIII,8,29.

8. DIE METODE VAN SKRIFUITLEG

In die vraag watter eksegetiese metode onderliggend aan die Romeinekommentaar gevind kan word, is daar al dikwels daarop gewys dat die belang wat Calvyn eksegeties aan die teks van die Romeinebrief toegeken het, verband hou met die humanistiese retoriek van die sestiende eeu,³⁵ waarin hy ook geskool was. Hierdie metode het ingehou dat die betroubare verstaan van 'n teks bereik moet word deur die taal van die teks te ken (daardeur word betekenis toeganklik gemaak), die skopus van die teks te vind binne sy groter tekstuele samehang (ko-teks), die sentrale temas van die teks te identifiseer, die kultuurhistoriese konteks waarbinne dit beslag gekry het van die teks te ken en die interpretasiesgeskiedenis (geskiedenis van die eksegeese) daarvan, met ander woorde die vraag hoe die betrokke teks deur die loop van die eeue uitgelê is, te beheers. Veral die oorspronklike outeur se denkrigting en doelstellings moet hier in ag geneem word.³⁶

By hierdie uitgangspunte sluit Calvyn aan. Die teks – dit wil sê die oorspronklike Griekse teks – van die Romeinebrief is vir hom van soveel gewig dat hy in die verklaring noulettend dáárlangs beweeg. 'n Verklaarder se “bykans ... enigste taak is om die gedagtegang van die skrywer wat hy onderneem het om te verduidelik, bloot te lê ...”³⁷

Die leser word deurentyd aan die teks gehou. Veral Calvyn se klem op die “deursigtige beknoptheid” (*perspicua brevitatis*)³⁸ beklemtoon hierdie sentrale uitgangspunt van Calvyn. Selfs wanneer hy allerlei aktuele kwessies ophaal, laat val hy die lig van die teks daarop. Hierdie keuse verhoed hom om met lang, uitvoerige uiteensettings, toevoegings en *supplementa* van alle aard die kommentaar onnodig aan te dik, soos wat destyds nogal dikwels die geval was.

In die voorwoord waarin die kommentaar aan Grynaeus opgedra word, het Calvyn die lof wat Bucer vir sy Romeinekommentaar toekom, breedvoerig vermeld. Dit sluit 'n “omvangryke belesenheid en uitgebreide kennis en menige ander deugde waarin hy deur niemand vandag oortref word nie” in. Hierdie man verdien toepaslike lof omdat, “soos jy weet, ... niemand na my kennis met meer nougesette ywer in die verklaring van die Skrif werksaam was nie.”³⁹ Ten opsigte van Melanchthon merk Calvyn pas van tevore op dat hy “deur uitsonderlike geleerdheid en ywer en 'n bedrewenheid waarin hy uitblink in elke afdeling van wetenskaplike dissiplines, meer lig gebring het as hulle wat voor hom te voorskyn gekom het.”⁴⁰ Met sy ywer en bedrewenheid het hy egter slegs weer op die [dogmatiese] hoofsaak gefokus.⁴¹ Tussendeur het hy Bullinger ook kortliks vermeld: “... Bullinger [het] ook self volgens sy verdienste groot lof ingeoes ...; hy het immers aan sy geleerdheid bedrewenheid verbind waardeur hy hom in hoë mate bewys het.”⁴²

³⁵ Vergelyk voetnoot 4 hierbo.

³⁶ In laasgenoemde opsig sê Link (2005:VI): “Man muss – so das Herzstück der Rhetorik – die Regeln der Alltagssprache auf ihn anwenden, sich insbesondere an Denkbewegung und Absicht seines Autors halten, um ihn zu verstehen. Diese hier konsequent unter Beweis gestellten Grundsätze machen die auch heute noch unverbrauchte Lebendigkeit der Schriftauslegung Calvins aus.”

³⁷ Só skryf Calvyn in sy voorwoord aan Grynaeus, waarin hy die kommentaar aan hom opdra. COR II/XIII,3,9-11: “Et sane quum hoc sit prope unicum illius officium, mentem scriptoris, quem explicandum sumpsit, patefacere.”

³⁸ COR II/XIII,3. Vgl. D'Assonville (2008:427).

³⁹ COR II/XIII,4,24-26.

⁴⁰ COR II/XIII,4,11 e.v.

⁴¹ COR II/XIII,4,14 e.v.

⁴² COR II/XIII,4,17 e.v.

Calvyn wou doelbewus nie die weg van óf Bucer óf Melanchthon opgaan nie. Veel eerder wil hy die betekenis van die teks volgens die bedoeling van die skrywer ontsluit, aan die hand van die onderlinge tekste binne hulle groter geheelverband en hulle aaneenskakeling met mekaar. Teologiese ekskursies van dogmatiese, etiese en kerklike aard, selfs van die populêre soort wat die geeste so kon boei, ontbreek gevolglik in die Calvynkommentaar. In sy benadering staan Calvyn sodoende nader aan die kommentaar van Bullinger, vir wie se “geleerdheid” en bewese verdienste hy die hoogste agting het.

Soos reeds genoem, is dit vir Calvyn belangrik om in die brief, binne die raamwerk van sy eie tersaaklikheid, die bedoeling van die outeur presies te verstaan en om die teks se betekenis vir die lesers oop te maak. In hierdie sin behou die kommentaar ’n Skriftuurlike verband en eenheid. Die inhoudelike samehang (*Sachzusammenhang*) en aktualiteit van die brief, is vir Calvyn die lewende Christus. Deurgaans kom ’n mens onder die indruk dat Calvyn sy kommentaar in sy direkte verband met Christus Jesus skryf. Die Romeinebrief deel niks anders mee nie as kennis van Christus, die histories opgestane Here wat Hom deur die Woord en deur sy Gees steeds in die lees en die verklaar van die Romeinebrief laat geld. Op grond van hierdie vasgelegde Christus kennis en Christusgeloof word die wesenlike inhoud, die saak van die teks, ontsluit. Dit is die vaste voet om die teks te verstaan.

Vir Calvyn is die Here, die sprekende God (*Deus loquens* – *Inst.* 1,7,4) in die Skrif aan die Woord. Daarom is dit voor die hand liggend waarom hy onder meer by die retoriek as hulpmiddel aansluiting vind. Dit is immers daarop gemik om tekste te laat spreek in verstaanbare taal. So staan die aanknoping by die retoriek in diens van die sinvolle lees, verstaan en hoor van die Skrif. Dit moet goed raakgesien word. Vir Calvyn is Romeine (trouens, die hele Skrif) nie maar net ’n religieuse teks uit die hoogbloei van die klassieke Grieks-Romeinse godsdienstgeskiedenis nie. Dit is God se Openbaringswoord, waarvoor Hy deur sy Gees as eerste Outeur verantwoordelikheid neem.⁴³ Calvyn maak met ander woorde nie sonder meer kantaantekeninge by ’n ‘vervloë teologie’ van ’n Paulus nie. Daarvoor is hy self te deurdronge van die bewussyn van die werklike Outeur van die Romeinebrief. Calvyn wil die Skrif só aan die woord laat kom, dat die leser sal ontdek waaroor, of liever oor Wie, dit werklik gaan. Ons word dus tot versigtigheid gemaak om sonder meer tot die gevolgtrekking te kom dat die beginsels en reëls van die filologiese retoriek, toegepas op die Romeinebrief, ten volle verantwoordelik is vir die resultaat van die uitleg. Asof die uitlegmetode die uitslag noodwendig sou skep. Asof die uitleg en verstaan van die Skrif (slegs) ’n saak van eksegetiese metodiek is.⁴⁴

Wanneer Calvyn die boek verklaar, is dit nie bloot die navorser, die filoloog en kenner van die Griekse taal, die wetenskaplike taalkenner en teoloog wat die resultaat van sy ondersoek op skrif stel nie, maar ’n ootmoedige mens wat Christus in die boek ontmoet het. Daarom gaan die kommentaar ook breër as Romeine. Sy reikwydte sluit die hele Skrif in. Die konteks van die verklaring word die heilsgeskiedenis. So gee Calvyn in sy eerste kommentaar op ’n Bybelboek gestalte aan die diepste oortuiging van die reformatoriese Skrifuitleg. Die Romeinekommentaar huisves aldus nie net ’n duidelik erkenbare reformatoriese profiel nie maar daarin tree ook metodologiese keuses van Calvyn as eksegeet na vore.

⁴³ Vgl uitleg van Rom 9:14 (COR II/XIII,199).

⁴⁴ Vgl. D’Assonville, V.E. 2008. Exegese en doctrina. In Selderhuis, J., red., Calvijn Handboek. Kampen: Kok. p. 427.

9. SLOT

Calvyn verklaar die teks in die wete dat die metode van uitleg nie die teks kan deurgrond of ten diepste kan indring nie. Ook is hy ten diepste bewus daarvan dat sy behendige hantering van die eksegetiese metode nie die aktualiteit van die verklaring bepaal nie. Hierdie sake lê ingebed in die onlosmaaklike verband tussen die Woord en die Gees.⁴⁵ Waar die teks gelees word, gebeur daar iets eksistensiële met die leser. Daar kom ’n onverklaarbare verbintenis met Christus na vore. Daar word geskiedenis gemaak, soos aan die leser die heil van Christus bekend gemaak word. Wie se oë hiervoor oop is, ontdek in die lees van die kommentaar ’n oorbrugging tussen afstand en tyd, tussen 1539 en vandag, en tussen vandag en die helfte van die eerste eeu na Christus, toe Paulus die Brief aan die Romeine geskryf het. ’n Mens hoor Calvyn, jy hoor Paulus, maar bokant hulle uit spreek Christus deur sy Gees en Woord. So deel hierdie brief kennis van Christus mee. Dit is ten diepste die rede waarom Calvyn sê, “as iemand ’n ware kennis daarvan verkry het, hy ’n geopende deur het tot die mees verborge skatte van die Skrif”.⁴⁶ En waarom hy kort vantevore aan Grynaeus gesê het, “as iemand hierdie brief (= Romeine – RMB/VED’A) verstaan, het hy vir homself ’n toegang tot die verstaan van die ganse Skrif.”⁴⁷

BIBLIOGRAFIE

- Anon. 1974. Sadoletto. In Cross, F.L. & Livingstone, E.A. eds., *The Oxford Dictionary of the Christian Church*. London: Oxford University Press. p. 1222.
- Beutel, A. *Hrsg.*, 2005a. *Luther Handbuch*. Tübingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Beutel, A. 2005b. *Theologie als Schriftauslegung*. In Beutel, A., *Hrsg.*, *Luther Handbuch*. Tübingen: Vandenhoeck & Ruprecht. p. 444-449.
- Britz, R.M. & D’Assonville, V.E. 2008. Inleiding. In *Johannes Calvyn: Kommentaar op Romeine*. (Vertaal in Afrikaans deur Prof Stefanus Postma.) In *UFS Theological Studies: Classical Texts I*. Britz, R.M. & D’Assonville, Victor E., eds., Bloemfontein/Potchefstroom: IKRS & CJBF [Instituut vir Klassieke en Reformatoriese Studies & Calvyn Jubileumboekefonds]. p. 9-25.
- Calvin, J. 1834 [1540;1551;1556]. In *Novum Testamentum Epistolae Commentarii ad Editionem Amstelodamensem accuratissime exscribi et praefatus, Pars Prima: Epist ad Roman. et Corinth [edidit] A. Tholuck*. Berolini: Apud Gustavum Eichler.
- Calvin, J. 1863-1900 [1540;1551;1556]. In *Ioannis Calvini Opera Quae Supersunt Omnia, Vol. I-LIX. 1863-1900. Ediderunt G[W]. Baum, E. Cunitz & E. Reuss, Vol I-LIX, in Corpus Reformatorum, Vol. XXIX-LXXXVII*. Brunsvigae/ Berolini: C.A. Schwetschke et filium, vol. XLIX [= CO 49].
- Calvin, J. 1999 [1540;1551;1556]. In *Calvinus, I. Commentarius in epistolam Pauli ad Romanos. (Ediderunt T.H.L. Parker et D.C. Parker. Ioannis Calvini Opera Omnia: Denuo recognita et adnotatione critica instructa notisque illustrata, Series II: Opera Exegetica Veteris et Novi Testamenti, Volumen XIII.*

⁴⁵ Vgl. uitleg van Rom 9:14 (COR II/XIII,198-199); Rom 11:33 (COR II/XIII,251); Rom 11:34 (COR II/XIII,252-253); Rom 10:16 (COR II/XIII,226); Rom 15:4 (COR II/XIII,295); Rom 15:6 (COR II/XIII,296); Rom 15:12 (COR II/XIII,299).

⁴⁶ COR II/XIII, 7: “... unde citra controversiam protinus constabit, praeter plurimas alias, et eas eximias dotes, hanc ei proprie competere, quae nunquam pro dignitate satis aestimetur; quod si quis veram eius intelligentiam sit assequutus, ad reconditissimos quosque Scripturae thesauros adeundos habeat apertas fores.”

“Daaruit sal dadelik bo teenspraak vasstaan dat in hierdie brief benewens ander eienskappe, en dit wel uitnemend, hierdie een uitstaan, wat nooit genoegsaam na waarde geskat kan word nie, naamlik dit, as iemand ’n ware kennis daarvan verkry het, hy ’n geopende deur het tot die mees verborge skatte van die Skrif.” (Calvyn in sy “Argumentum in Epistolam Romanos”).

⁴⁷ COR II/XIII,4,5-6: “... si quis eam intelligat, aditum sibi quendam patefactum habet ad totius Scripturae intelligentiam.”

- Auspiciis Praesidii Conventus Internationalis Studiis Calvinianis Fovendis *ediderunt* B.G. Armstrong, C. Augustijn, I. Backus, O. Fatio, H. Feld, F.M. Higman, W.H. Neuser, B. Roussel, W. van 't Spijker & D.F. Wright. Genève: Droz.) [= COR II/XIII.]
- Calvin, J. 2005. In Calvinus, I. *Calvini Epistolae, 1530 – Sept. 1538. (Ediderunt C. Augustijn, F.P. van Stam, adiuvantibus C. Burger, P. Estié, A. van Hollander, M. Stolk, M. van Veen, J. Vree. Ioannis Calvini Opera Omnia: Denuo recognita et adnotatione critica instructa notisque illustrata, Series VI: Epistolae, Volumen I. Auspiciis Praesidii Conventus Internationalis Studiis Calvinianis Fovendis ediderunt B.G. Armstrong, C.P.M. Burger, I. Backus, M. Engammare, H. Feld, F.M. Higman, W.H. Neuser, W. van 't Spijker & D.F. Wright. Genève: Droz.)* [= COR IV/I.]
- Calvin, J. 2005 [1540; 1551; 1556]. Der Brief an die Römer [bis Kapitel 7]: Ein Kommentar. Der lateinische Text mit deutscher Übersetzung, bearbeitet und eingeleitet von M. Freudenberg, A.I.C. Heron, N. Kuroпка, C. Link, P. Opitz, G. Plasger & E. Saxer. (In E. Busch, M. Freudenberg, A.I.C. Heron, C. Link, P. Opitz, E. Saxer & H. Scholl, *Hrsg.*, Calvin-Studienausgabe, Band 5.1.) Neukirchen-Vluyn: Neukirchener.)
- Calvin, J. 2008 [1540/1551/1556]. Kommentaar op Romeine. (Vertaal in Afrikaans deur Stefanus Postma.) In UFS Theological Studies: Classical Texts I. Britz, R.M. & D'Assonville, Victor E., eds., Bloemfontein/Potchefstroom: IKRS & CJBF [Instituut vir Klassieke en Reformatoriese Studies & Calvyn Jubileumboekefonds].
- CO [= Calvini Opera Omnia]
kyk
- Calvin, J. 1863-1900.
- COR [= Calvini Opera Recognita]
kyk
- Calvin, J. 1999, of Calvin, J. 2005.
- D'Assonville, V.E. 2008. Exegese en doctrina. In Selderhuis, J., red., *Calvijn Handboek*. Kampen: Kok. pp. 423-429.
- Ganoczy, A., 1976. Calvin als paulinischer Theologe: Ein Forschungsansatz zur Hermeneutik Calvins. In Neuser, W.H. *Hrsg.*, Calvinus Theologus. Referate des Europäischen Kongresses für Calvinforschung, Amsterdam, 1974. Neukirchen: Neukirchener. pp. 39-69.
- Greef, W. DE, 1993. The Writings of John Calvin: An Introductory Guide. (Translated from the Dutch by L.D. Bierma.) Grand Rapids, Michigan: Baker Books.
- Heron, A.I.C. 2005. Einleitung. In Calvin, J. 2005 [1540; 1551; 1556]. Der Brief an die Römer [bis Kapitel 7]: Ein Kommentar. Der lateinische Text mit deutscher Übersetzung, bearbeitet und eingeleitet von M. Freudenberg, A.I.C. Heron, N. Kuroпка, C. Link, P. Opitz, G. Plasger & E. Saxer. (In E. Busch, M. Freudenberg, A.I.C. Heron, C. Link, P. Opitz, E. Saxer & H. Scholl, *Hrsg.*, Calvin-Studienausgabe, Band 5.1.) Neukirchen-Vluyn: Neukirchener.) p. 1-16.
- Link, C. 2005. Vorwort. In Calvin, J. 2005 [1539; 1551; 1556]. Der Brief an die Römer [bis Kapitel 7]: Ein Kommentar. Der lateinische Text mit deutscher Übersetzung, bearbeitet und eingeleitet von M. Freudenberg, A.I.C. Heron, N. Kuroпка, C. Link, P. Opitz, G. Plasger & E. Saxer. (In E. Busch, M. Freudenberg, A.I.C. Heron, C. Link, P. Opitz, E. Saxer & H. Scholl, *Hrsg.*, Calvin-Studienausgabe, Band 5.1.) Neukirchen-Vluyn: Neukirchener. p. V-VIII.
- Luther, M. 1883ff.[1512ff]. D. Martin Luthers Werke. Kritische Gesamtausgabe, 120 Bände. Weimar: Hermann Böhlau.
- Neuser, W.H. 2008. Frankrijk en Basel. In Selderhuis, J., red., *Calvijn Handboek*. Kampen: Kok. pp. 45-52.
- Neuser, W.H. 2009. Johann Calvin: Leben und Werk in seiner Frühzeit 1509-1541. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht. (Selderhuis, H.J. ed., *Reformed Historical Theology*, Vol 6.)
- Oberman, H.A. *Hrsg.*, 2004²[1981]. Die Kirche im Zeitalter der Reformation. Neukirchen: Neukirchener Verlag. (Oberman, H.A., Ritter, A.M., Krumwiede, H.-W. und Leppin, V, *Hrsg.*, Kirchen- und Theologiegeschichte in Quellen, Band III.)
- Opera Selecta, i.e., Joannis Calvini Opera Selecta, Vol. I-V. Ediderunt P. Barth, G[W]. Niesel & D. Scheuner. Monachii in Aedibus [München], Chr. Kaiser, 1926 1962. [= OS I-V.]
- OS [= Opera Selecta]
kyk

Opera Selecta

Parker, T.H.L. 1993 [1971]. Calvin's New Testament Commentaries. Edinburgh: T&T Clark.

Parker, T.H.L. & Parker, D.C. 1999. Introduction. In Calvinus, I. *Commentarius in epistolam Pauli ad Romanos*. (Ediderunt T.H.L. Parker et D.C. Parker. Ioannis Calvinii Opera Omnia: Denuo recognita et adnotatione critica instructa notisque illustrata, Series II: Opera Exegetica Veteris et Novi Testamenti, Volumen XIII. Auspiciis Praesidii Conventus Internationalis Studiis Calvinianis Fovendis ediderunt B.G. Armstrong, C. Augustijn, I. Backus, O. Fatio, H. Feld, F.M. Higman, W.H. Neuser, B. Roussel, W. van 't Spijker & D.F. Wright. Genève: Droz.) [= COR II/XIII.] p. XI-LXXXII.

Peter, R. & Gilmont, J.-F. 1994. Bibliotheca Calviniana. Les œuvres de Jean Calvin publiées au XVI^e siècle, II. Écrits théologiques, littéraires et juridiques 1555-1564. Genève: Librairie Droz. (Travaux d'Humanisme et Renaissance, CCLXXXI.)

Selderhuis, J., *red.*, Calvin Handboek. Kampen: Kok.

WA [= Weimarer Ausgabe]

kyk

Luther, M.

Wolff, J. 2005. Vorlesungen. In Beutel, A., *Hrsg.*, 2005. Luther Handbuch. Tübingen: Vandenhoeck & Ruprecht. p. 322-328.

ADDENDUM

Bylaag 1: Uitgawes en vertalings van Calvyn se Romeinekommentaar⁴⁸

As bydrae word hier kortliks aandag geskenk aan die belangrikste uitgawes en vertalings van die Romeinekommentaar van Calvyn. Daaruit kan 'n indruk gevorm word van die teologiese inslag en trefkrag en die kerkhistoriese betekenis wat hierdie kommentaar met verloop van tyd gehad het.

Latynse uitgawes

- 1540 Ioannis Calvini Commentarij in Epistolam Pauli ad Romanos. Argentorati per Vuendelinum Rihelium. Mense Martio. M.D.XL.
- 1551 In Epistolam Pavli ad Romanos, Ioannis Calvini Commentaria. *In* Ioannis Calvini in omnes D. Pauli epistolas, atque etiā in epistolā ad Hebraeos commentaria luculentissima. Ex postrema authoris recognitione. Cvm Indice Copiosissimo sententiarum & locorum omnium. Genevae. Apud Ioannem Gerardum. M.D.LI.
- 1556 In Epistolam Pauli ad Romanos Iohan. Calvini Commentarij. *In* In omnes Pavli Apostoli Epistolas, atque etiam in Epistolam ad Hebraeos, item in Canonicas Petri, Ioannis, Iacobi, & Iudae, quae etiam Catholicae vocantur, Ioh. Calvini Commentarii. Hanc Commentariorum postremam esse recognitionem, ex lectione atque collatione cum prioribus, deprehendet lector. Oliua Roberti Stephani. M.D.LVI.

Dit is belangrik om te onthou dat bogenoemde drie uitgawes die primêre tekste van die Calvynkommentaar op Romeine is. In 'n noukeurige vergelyking tussen die drie, byvoorbeeld deur Parker (vgl. Parker & Parker, 1999), is aangetoon dat daar 'n bepaalde ontwikkeling plaasgevind het. So word onder meer in die 1556-uitgawe na die kwessies rakende Servet (met verwysing na die Triniteit), Bolsec, Pighius en Georgius Siculus (in verband met die uitverkiesing en vrye wil) verwys. Verder kom daar ook in die latere uitgawes verwysings na die Konsilie van Trente voor, wat uiteraard nog nie in die 1540 [1539]-uitgawe aan die orde was nie. Wesenlik het die kommentaar egter nie verander nie. Algemeen word die 1556-teks as die *textus receptus* aanvaar. Dit het ook vir die 2008-Afrikaanse vertaling deur prof Fanus Postma gegeld.⁴⁹

Verdere Latynse uitgawes

Ná die Latynse uitgawe van 1556 het hierdie uitgawe weer die volgende drukke beleef (as deel van groter versamelde uitgawes, met ander woorde saam met ander werke van Calvyn):

- [1557]1563 Genève: Crispinus.
- 1565 Genève: Curteus.
- 1572, 1579 Genève: Crispinus.
- 1580, 1600 Genève: Vignon.
- 1617 Opera omnia, Tom. V, Pars III. Genève: Chouet et Vignon.
- 1667 Opera Omnia, Tom. 7. Amsterdam: Schipper.
- 1834 Ed. Tholuck, *Hrsg.*, Tom. I. Halle: Gebauer.

⁴⁸ Vgl. Parker & Parker (1999:LXIX e.v.) en Heron (2005:13 e.v.).

⁴⁹ Die 1556-teks volgens A. Tholuck, in een van die twee uitgawes van 1834 (die Eichler-uitgawe van Berlyn), het as grondteks vir die 2008-Afrikaanse vertaling deur prof Fanus Postma (Calvin, 2008) gedien: CALVIN, J. 1834 [1540;1551;1556]. *In* Novum Testamentum Epistolas Commentarii ad Editionem Amstelodamensem accuratissime exscribi et praefatus, Pars Prima: Epist ad Roman. et Corinth. [*edidit*] A. Tholuck. Berolini: Apud Gustavum Eichler.

In gevalle waar vroeë rakende die teks ontstaan het, is CO 49 ook geraadpleeg, terwyl COR II/XIII by enkele geleenthede nadergetrek is.

- 1834/'64-65 Ed. Tholuck, *Hrsg.*, Berlyn: Eichler.
 1892 *In Ioannis Calvini Opera Quae Supersunt Omnia*, Vol. I-LIX. 1863-1900. *Ediderunt* G[W]. Baum, E. Cunitz & E. Reuss, Vol I-LIX, *in* *Corpus Reformatorum*, Vol. XXIX-LXXXVII. Brunsvigae/ Berolini: C.A. Schwetschke et filium, vol. XLIX [= CO 49].

Resente Latynse uitgawes

Die Romeinekomentaar volgens die Latynse 1556-uitgawe het egter ook die afgelope tyd deur die volgende uitgawes beskikbaar geword:

- 1981 Parker, T.H.L., *ed.*, Leiden: E.J. Brill.
 1999 Parker, T.H.L. & Parker, D.C., *ed.*, Genève: Droz.⁵⁰
 2005 Link, C., *Hrsg.*, Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.⁵¹

Franse vertalings

- 1543 Exposition svr l'Epistre de saint Pavl Avx Romains, Extraicte des Commentaires de M.I. Caliu. A Geneve Par Iehan Girard. 1543.
 1545 Argument Et Sommaire De L'Epistre Sainct Paul aux Romains, pour donner intelligence à toute l'epistre en peu deparolles. Par Iehan Caluin. Rom. X. Finis enim legis, Christus: ad iustitiam omni credenti.
 1550 Commentaire De M. Iean Calvin Svr l'Epistre aux Romains. A Geneve Par Iean Girard.
 1556 Commentaires de M. Iehan Calvin sur toutes les Epistres de l'Apostre S. Paul ... Imprime par Conrad Badius. [*Colophon*: Acheve d'imprimer par Conrad Badius, l'an M.D.LVII, le IIII jour du mois de ianvier.]

Verdere uitgawes van die Franse vertaling van die kommentaar is die volgende:

- 1560 Genève: Anastase.
 1561 Genève: Badius.
 1562 Genève: Badius.
 1562 Lyons: Haultier.
 1562 Lyons: Jean d'Ogerolles pour S. Honorat.
 1563 Lyons: Honorat.
 1564 Lyons: S. Barbier pour A. Vincent.
 1854 Paris: *In* Commentaires sur le Nouveau Testament.
 1895 Toulouse: *In* Commentaires sur le Nouveau Testament.
 1960 Genève: Épître Aux Romains. Texte établi par J.-M. Nicole.

⁵⁰ Calvin, J. 1999[1539;1551;1556]. *In* Calvinus, I. *Commentarius in epistolam Pauli ad Romanos*. (*Ediderunt* T.H.L. Parker et D.C. Parker. *Ioannis Calvini Opera Omnia: Denuo recognita et adnotatione critica instructa notisque illustrata*, Series II: *Opera Exegetica Veteris et Novi Testamenti*, Volumen XIII. *Auspiciis Praesidii Conventus Internationalis Studii Calvinianis Fovendis ediderunt* B.G. Armstrong, C. Augustijn, I. Backus, O. Fatjo, H. Feld, F.M. Higman, W.H. Neuser, B. Roussel, W. van 't Spijker & D.F. Wright. Genève: Droz.) [= COR II/XIII.]

⁵¹ Calvin, J. 2005 [1539; 1551; 1556]. *Der Brief an die Römer [bis Kapitel 7]: Ein Kommentar. Der lateinische Text mit deutscher Übersetzung, bearbeitet und eingeleitet von M. Freudenberg, A.I.C. Heron, N. Kuroпка, C. Link, P. Opitz, G. Plasger & E. Saxer. (In E. Busch, M. Freudenberg, A.I.C. Heron, C. Link, P. Opitz, E. Saxer & H. Scholl, *Hrsg.*, *Calvin-Studienausgabe*, Band 5.1.) Neukirchen-Vluyn: Neukirchener.)*

Nederlandse vertalings

- 1566 Wtlegghinge Joannis Calvini, op alle de sendbrievē Pauli des Apostels: ende oock op den Sendbrief tot den Hebreē ... Ghedruckt te Embden, by Gellius vander Erven, ende voleyndt by Willem Gailliart.
- Hierbenewens het ook die volgende Nederlandse vertalings verskyn:
- 1582 Amsterdam: Cornelis Claeszoon.
- 1582 Leiden: Jan Paets Jacobszoon, ende Jan Bouwenszoon
- 1601 Leiden: Ian Pats Jac.zoon
- 1617 Amsterdam: Jan Evertsz. Cloppenburgh.
- 1617 Amsterdam: Michel Colijn.
- 1617 Amsterdam: Hendrick Laurensz.
- 1617 Amsterdam: Dirck Pietsz.
- 1617 Amsterdam: Jan Marcusz.
- 1617 Amsterdam: Hans Walschaert.
- 1888-1908 Uitleggingen van O. en N. Testament ... in Holl. verbal. u. h. Lat. naar Baum, Cunitz en Reuss.
- 1972 Kampen: Goudriaan. Herdruk van 1888-1908-uitgawe.
- 1950 Amsterdam. Johannes Calvijn, Verklaring van de Bijbel. Uitlegging op de Zendbrievē ... Band 1: Zendbrief v. Paulus aan de Romeinen. (Derde uitgawe in 1979.)

Engelse vertalings

- 1583 A Commentarie vpon the Epistle of Saint Paul to the Romanes, written in Latine by M. Iohn Caluin, and newly translated into Englishe by Christophor Rosdell preacher. Whereunto is added a necessarie table for the better and more readie finding out of certayne principall matters conteyned in this worke. Collos. 3.16. Let the worde of Christ dwel in you plenteouslie in all wisdom. Imprinted at London for Iohn Harison and George Bishop. (*Colophon*: Imprinted at London by Thomas Dawson for John Harrison and George Bishop.)

Ook die volgende vertalings is in Engels gepubliseer:

- 1834 London: L.B. Seeley and Sons. (Vertaling deur Francis Sibson, A.B. Trinity College, Dublin.)
- 1836 Philadelphia: J. Whetham. ("First American from the last London Edition.")
- 1844 Edinburgh: Calvin Translation Society. (Vertaling deur C. Rosdell.)
- 1849 Edinburgh: Calvin Translation Society. (Vertaling deur John Owen. Herdrukke in Grand Rapids: 1979 [twee keer], 1981, 1984, 1993.)
- 1961/1973/1980 Edinburgh. (Vertaling deur R. Mackensie.)
- 1998 *In* The Comprehensive John Calvin Collection, The AGES Digital Library Series. [CD-ROM, AGES Software], 1998. (Vertaling van John Owen, 1849, Calvin Translation Society.)

Duitse vertalings

- 1836 Frankfurt am Main. Auslegung des Briefes an die Römer, aus dem Lat. übersetzt von E.W. Krummacher und L. Bender.

- 1903 Neukirchen: Verlag der Buchhandlung des Erziehungsvereins. *In* Johannes Calvins Auslegung der heiligen Schrift in deutscher Übersetzung, hg. von [E.F.] K. Müller. XII. Band: Die Briefe des Apostels Paulus an die Römer und Korinther. (Vertaling deur E.F.K. Müller.)
- 1937 Tweede uitgawe van bostaande vertaling.
- 1960 Neukirchen: Verlag der Buchhandlung des Erziehungsvereins. Johannes Calvins Auslegung der H. Schrift. Neue Reihe, hg. von O. Weber, Bd. 16: Johannes Calvins Auslegung der Römerbriefes und der beiden Korintherbriefe, übersetzt und bearbeitet von H. Graffman, H.J. Haarbeck und O. Weber.
- 2005 Der Brief an die Römer [bis Kapitel 7]: Ein Kommentar. Der lateinische Text mit deutscher Übersetzung, bearbeitet und eingeleitet von M. Freudenberg, A.I.C. Heron, N. Kuroпка, C. Link, P. Opitz, G. Plasger & E. Saxer. (*In* E. Busch, M. Freudenberg, A.I.C. Heron, C. Link, P. Opitz, E. Saxer & H. Scholl, *Hrsg.*, Calvin-Studienausgabe, Band 5.1.) Neukirchen-Vluyn: Neukirchener.
- 2007 Der Brief an die Römer [Kapitel 8-16]: Ein Kommentar. Der lateinische Text mit deutscher Übersetzung, bearbeitet und eingeleitet von M. Freudenberg, E. & N. Busch, C. Link, H. Faulenbach. (*In* E. Busch, M. Freudenberg, A.I.C. Heron, C. Link, P. Opitz, E. Saxer & H. Scholl, *Hrsg.*, Calvin-Studienausgabe, Band 5.2.) Neukirchener-Vluyn: Neukirchener.

Ander vertalings

Hongaars

- 1954 Budapest. (Vertaal deur B. Nagy.)

Japanees

- 1959 Tokio: Japan Calvin Translation Society.

Spaans

- 1960 Grand Rapids. La epistola del apostel Pablo a los Romanos. (Vertaal deur C.G. Marin. Herdrukke in 1977, 1982, 1988, 1995.)

Afrikaans

- 2008 Bloemfontein/Potchefstroom. Johannes Calvyn: Kommentaar op Romeine. (Vertaal in Afrikaans deur Stefanus Postma.) *In* UFS Theological Studies: Classical Texts I. Britz, R.M. & D'Assonville, Victor E., eds., Bloemfontein/Potchefstroom: IKRS & CJBFB [Instituut vir Klassieke en Reformatoriese Studies & Calvyn Jubileumboekefonds].

Bylaag 2: Afrikaanse vertalings/verwerkings van werke van Calvyn

- Calvin, J. 1951. Die *Institusie* van Calvyn. Verkort weergegee [in Afrikaans] deur A. Duvenage, met medewerking van L.J. du Plessis. Bloemfontein: SACUM. (Later weer heruitgegee.)
- Calvin, J. 1966 [1951]. Die *Institusie* van Calvyn. Verkort weergegee [in Afrikaans] deur A. Duvenage, met medewerking van L.J. du Plessis. (Heruitgawe van bogenoemde.)
- Calvin, J. 1979 [1559]. Gulde reëls vir die ware christelike lewe. Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers. [Uittreksel uit *Institusie*, III,6-8.] (*In* Afrikaans vertaal en verwerk deur T. Kritzinger uit die Engels: Calvin, J. 1952. Golden Booklet of the True Christian Life. Grand Rapids, Mi.: Baker Book House.) Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers.

- Calvin, J. 1980 [1536]. *Onderwysing in die Christelike Godsdienst. (1536-Institusie.)* (Uit die Latyn in Afrikaans vertaal deur H.W. Simpson.) Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.
- Calvin, J. 1980. *Calvyn vir vandag: Dagstukke. Saamgestel en vertaal deur F.J.M. Potgieter.* Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers. [Uittreksels uit die *Institusie.*]
- Calvin, J. 1981 [1539]. *Calvyn se Doopsformulier.* (Uit die Latyn in Afrikaans vertaal deur H.W. Simpson.) *In* D'Assonville, V.E., 1981. *Die Gereformeerde Doopsformulier.* Potchefstroom: Marnix. pp. 87-92.
- Calvin, J. 1981 [1545]. *Calvyn se Kategismus.* (Uit die Latyn in Afrikaans vertaal deur H.W. Simpson.) Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- Calvin, J. 1981 [1541/1561]. *Ordonnances Ecclésiastiques van Genève (1541 en 1561).* (In Afrikaans vertaal deur A.D. Pont.) *In* Pont, A.D., 1981. *Die Historiese Agtergronde van ons Kerklike Reg.* Pretoria: HAUM. p. 22-47.
- Calvin, J. 1981 [1559]. *Discipline Ecclésiastiques van 1559.* (In Afrikaans vertaal deur A.D. Pont.) *In* Pont, A.D., 1981. *Die Historiese Agtergronde van ons Kerklike Reg.* Pretoria: HAUM. p. 50-54.
- Calvin, J. 1984-1992 [1559]. *Institusie van die Christelike Godsdienst 1559, 4 Bande. (1559-Institusie.)* (Uit die Latyn in Afrikaans vertaal deur H.W. Simpson.) Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds. D.i.
- Calvin, J. 1984 [1559]. *Institusie van die Christelike Godsdienst 1559, Boek 1.* (Uit die Latyn in Afrikaans vertaal deur H.W. Simpson.) Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.
- Calvin, J. 1986 [1559]. *Institusie van die Christelike Godsdienst 1559, Boek 2.* (Uit die Latyn in Afrikaans vertaal deur H.W. Simpson.) Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.
- Calvin, J. 1988 [1559]. *Institusie van die Christelike Godsdienst 1559, Boek 3.* (Uit die Latyn in Afrikaans vertaal deur H.W. Simpson.) Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.
- Calvin, J. 1992 [1559]. *Institusie van die Christelike Godsdienst 1559, Boek 4.* (Uit die Latyn in Afrikaans vertaal deur H.W. Simpson.) Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.
- Calvin, J. 2008 [1540/1551/1556]. *Kommentaar op Romeine.* (Vertaal in Afrikaans deur Stefanus Postma.) *In* UFS Theological Studies: Classical Texts I. Britz, R.M. & D'Assonville, Victor E., eds., Bloemfontein/Potchefstroom: IKRS & CJBf [Instituut vir Klassieke en Reformatoriese Studies & Calvyn Jubileumboekefonds].
- Calvin, J. 2009 [1951/1966]. *Die Institusie van Calvyn.* Verkort weergegee [in Afrikaans] deur A. Duvenage [met medewerking van L.J. du Plessis] en taalkundig hersien deur ME Nelson. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.